Oom Polla
se Winkel
sedert-since 1995

10 Santhagen Road
Devon Valley
STELLENBOSCH 7600

PO Box 1327
STELLENBOSCH
7599

CK 95/35559/23 Vat Reg: 4460161948

Telephone: (021) 887 7149 | **Fax:** (021) 887 5571 | **Web:** www.oompolla.co.za | **E-mail:** info@oompolla.co.za

02 Oktober 2024

Geagte Ouers
Bloemhof Hoër Meisieskool, Hoërskool Stellenbosch, Parel Vallei Hoërskool, Paul Roos Gimnasium

BESTELSEISOEN VIR 2025

- Die bestelseisoen open 02 Oktober 2024
- Bestellings word vanaf middel November uitgevoer. Kennisgewing word uitgestuur wanneer bestelling gereed is om afgehaal te word

Na-sendings verminder aansienlik indien u vroegtydig bestel in Oktober / November. Dit stel ons ook in staat om vroegtydig te sien waar voorraad aangevul moet word.

VOORDELE VAN 'N VROEË (OKTOBER TOT MIDDEL NOVEMBER) BESTELLING:

- Leerders wie se benodigdhede vroeg bestel is, het gewoonlik al hul goedere wanneer skole heropen in Januarie.
- Uitgewers / verspreiders voer nie meer oorsese titels in dieselfde groot getalle in soos in die verlede nie.
- Sommige van die uitgewers / verskaffers sluit al middel Desember vir die feesseisoen. Dit vertraag aflewering aan ons aansienlik aangesien hulle 'n agterstand het wanneer hulle in Januarie heropen.
- Indien daar na-sendings is, is daar gewoonlik genoeg tyd om die uitstaande items betyds te bekom voordat die skooljaar begin.

AANLYNBESTELLINGS: www.oompolla.co.za
Die bestelseisoen vir 2025 begin op 02 Oktober, en sluit 26 Desember 2024.
Vir hulp met die plasing van bestellings en/of kontant betaling, kan u ons besoek by Santhangenweg 10, Devonvallei, Stellenbosch. Hou in gedagte dat so 'n betaling by die winkel moet geskied kort nadat die bestelling geplaas is, ten einde die bestelling te aktiveer op ons stelsel.

OOR-DIE-TOONBANK VERKOPE:
Dit neem 'n aanvang op 06 Januarie 2025 en kan gedoen word tot die einde van die derde kwartaal 2025.

BELANGRIK:

- **Slegs BETAALDE bestellings** kan uitgevoer word. U bestelling val eers in die ry nadat betaling plaasgevind het.
- Soos gestipuleer in die Terme en Voorwaardes op ons webtuiste, bestel ons goedere namens u indien daar nie genoegsame voorraad is nie. Sulke na-sendings kan gewoonlik binne 'n kort tyd uitgevoer word. Indien 'n titel egter in herdruk is, kan dit heelwat langer neem. Dieselfde geld vir oorsese titels.
- Na-sendings kan nie gekanselleer word nie. Dit is in goedertrou vir u bestel in 'n poging om aflewering te bespoedig.

ONTVANGS VAN BESTELLING:

- Per koerier indien so aangedui op bestelvorm. Indien daar na-sendings op u uitgevoerde bestelling voorkom, hou ons die bestelling so lank moontlik terug in afwagting vir aflewering van u uitstaande item/s. Indien dit steeds teen die begin van Januarie nie hier is nie, word u pakkie uitgestuur. Alle na-sendings op koerier-bestellings geplaas gedurende Oktober en November, sal aan u gestuur word teen geen ekstra koste, indien nodig.
- Self-Afhaal Bestellings word by Oom Polla afgehaal so gou moontlik nadat u verwittig is dat dit gereed is.

NA-SENDINGS
Na-sendings is items wat nie in voorraad is wanneer die bestelling uitgevoer word nie. Dit word vir u bestel, en kan nie gekanselleer word nie.

Vriendelike Groete
DIE OOM POLLA SPAN